



Die jaarlikse prestige Oos-Vrystaat Aartappel Inligtingsdag wat deur die Oos-Vrystaat se Aartappelwerkgroep aangebied word, is 'n bekende dag op aartappelprodusente en belanghebbendes se kalender en word die afgelope ses jaar deur tot soveel as 300 persone bygewoon.

Op 8 Maart 2018 begin die verrigtinge om 8:30 by die Distriksboereuniesaal op Warden en bied 'n geleentheid vir bedryfsbesprekings met aartappelprodusente en ander belanghebbendes in die aartappelbedryf. Die inligtingsdag dien as 'n kommunikasie kanaal om met produsente te skakel en hulle behoeftes uit te lig.

Die Hoofspreker vir die dag is Mnr Jannie Putter, 'n bekende mentor en motiveringspreker van Midrand in Gauteng. Jannie is sedert 2015 by die Lions rugbyspan betrokke as "mental coach" en het by Noordwes Universiteit sport sielkunde en -wetenskap aan beide voor- en nagraadse studente gedosseer. Jannie praktiseer "mental/life coaching" en motivering aan verskeie atlete, bestuurspanne, korporatiewe maatskappye, ouers, gemeentelike asook skoolgroepe.

Ander sprekers sluit in die verteenwoordigers van die Hoofborge, Bayer SA en Atlas Kunsmis asook Aartappels SA se Hoof Uitvoerende Beampte en die Bestuurder van Bedryfsinligting om aan produsente relevante oesinligting, vooruitskattings en marktdense uit te lig.

Na afloop van die verrigtinge in die saal vertrek almal na Sesisonke Boerdery by Eram nie vêr buite Warden nie, vir besigtiging van 17 kultivar-, kunsmis- en produkproewe asook demonstrasies wat sal plaasvind. Om een uur kom almal weer bymekaar by die Distriksboereuniesaal op Warden vir 'n gesellige braaivleis-ete om die dag mee af te sluit.

Die aartappelwerkgroepe het in 1982 ontstaan as gevolg van sekere knelpunte en probleme wat geïdentifiseer is deur die aartappelbedryf. Die eerste Oos-Vrystaat Aartappel Inligtingsdag is bygewoon deur 25 produsente en medewerkers in die bedryf. Die Inligtingsdag het bestaan uit 'n basiese kultivar proef met slegs 'n paar bestaande en nuwe kultivars.

Die Oos-Vrystaat Aartappel Inligtingsdag het intussen ontwikkel tot 'n volwaardige platform om kennis uit te ruil tussen produsente, navorsers, verskillende kultivar maatskappye asook 'n aantal ander verwante organisasies wat 'n bydrae maak tot die sukses van die aartappelbedryf. Baie mense neem onbaatsugtig en met toewyding deel aan die werkgroepe se aktiwiteite en stel tyd, hulpbronne en geld daarvoor beskikbaar. Die Oos-Vrystaat Aartappel Inligtingsdag word nader aan die einde van die groeiseisoen gereël waar aartappelprodusente en belanghebbendes landswyd genooi word om die resultate van die proewe te kom besigtig. Maatskappye wat betrokke was by die proewe word dan die geleentheid gebied om te verduidelik wat hulle produkte bied terwyl die effek visueel in die proewe besigtig kan word.

Die Werkgroepproewe is 'n bron van onafhanklike, objektiewe produkprestasie-data wat beskikbaar gestel word aan aartappelprodusente in 'n spesifieke produksiestreek. Proewe maak dit moontlik vir kultivareienaars om hulle kultivars beter te leer ken en aan produsente aanbevelings te maak op grond van onpartydige inligting. Proewe word landswyd in verskeie aartappelproduksieareas geplant en sluit Wes-Kaap, Noordoos-Kaap, Noord-Kaap, Mpumalanga, KwaZulu-Natal en Limpopo in.

Voorsuitsigte vir die 2018 oesjaar is ook 'n populêre onderwerp wat hierdie jaar tydens die Oos-Vrystaat Aartappel Inligtingsdag bespreek gaan word.

Vir navrae kontak Santa Bronkhorst by santa@potatoes.co.za of skakel 072 345 9083.